
freshkerk
NES JY IS


MARKUS
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

Verlede week het ons saam met die dissipels in ’n skommelende skuitjie op die See van Galilea gestaan. Die golwe het oor die boeg geslaan, die dood was in hulle oë, en in een oomblik van absolute almag het Jesus opgestaan en vir die storm gesê: ***“Hou op, Bedaar!”***

En onthou julle die vraag waarmee daardie gedeelte geëindig het? Die dissipels het mekaar met groot vrees en heilige ontsag aangekyk en gevra: **“Wie kan Hy tog wees, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”** (Markus 4:41). Daar was ’n diep besef: *Ons dink ons ken hierdie Man, maar Hy is oneindig groter, dieper en kragtiger as enigiets wat ons kan dink of droom.*

Vandag, in Markus hoofstuk 6, verskuif die toneel. Jesus los die see en die storm agter Hom, en Hy stap Sy tuisdorp, Nasaret, binne. En die mense van Nasaret vra hierdie Sondag *ook* ’n vraag oor Jesus. Maar hoor die verskil in hulle stemtoon. Hulle kyk nie na Hom met heilige ontsag nie; hulle kyk na Hom met skeptiese oë. Hulle vra in vers 3: **“Is Hy dan nie die timmerman, die seun van Maria nie?”**

Sien julle die kontras?

Op die see vra die dissipels uit vrees en ontsag:

***"Wie kan Hy tog wees?"***

In die dorp vra die bure uit gewoonte:

***"Is Hy nie maar net... nie?"***

Vandag staan ons voor een van die grootste gevare in die Christelike lewe:

Die gevaar van **familiariteit**. Die gevaar om te dink ons ken vir Jesus so goed, dat Hy vir ons gewoon geword het. Die gevaar van die **"Nasaret-siekte"—**waar ons so gewoond raak aan die heilige, dat ons Sy krag heeltemal miskyk.

## Markus 6:1–6

## Jesus word in Nasaret verwerp

**1Jesus het daarvandaan weggegaan. Hy het in die dorp
gekom waar Hy grootgeword het, en sy dissipels was saam
met Hom. 2En toe die sabbatdag aanbreek, het Hy die
mense in die sinagoge begin leer. Baie het na Hom geluister
en is deur sy woorde aangegryp. Hulle het vir mekaar gesê:
“Waar kom hy aan al hierdie dinge, en watter besondere
gawe van wysheid het hy dat daar sulke kragtige dade deur
sy hande plaasvind? 3Is hy dan nie 'n timmerman, 'n seun
van Maria en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon
nie? En is dit dan nie sy susters wat hier by ons woon nie?”**



Die mense wou niks van Hom weet nie.

4Jesus sê toe vir hulle: “'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring en sy gesin.”

5Hy kon daar geen enkele wonderwerk doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n paar siekes gelê en hulle gesond gemaak het. 6Hy was verbaas oor die ongeloof van die mense.

Daarna het Hy by die dorpies in die omtrek rondgegaan en die mense daar geleer.

Kom ons kyk vir ’n oomblik na wat in hierdie dorpie gebeur. Jesus gaan op die Sabbatdag na die sinagoge toe en Hy begin leer. Die mense wat saam met Hom grootgeword het, sit in die banke. Aanvanklik is hulle verbaas. Hulle kan nie die wysheid in Sy woorde ontken nie. Hulle het selfs gehoor van die kragtige dade wat Hy elders gedoen het.

Maar in plaas daarvan dat hierdie verwondering lei tot geloof, tref hulle ’n muur.




**Hulle begin redeneer. Hulle sê: *“Wag ’n bietjie. Ons ken hierdie ou. Dit is Jesus. Hy is die timmerman.”***

Waaroor het hulle gestruikel?

**Omdat hulle Sy menslikheid so goed geken het, het hulle geweier om Sy Goddelikheid raak te sien. Hulle het Hom in ’n boksie geplaas, die deksel toegemaak, en gesê: *“Jy is net die timmerman.”***




**Dink vir ‘n oomblik saam oor vers 1-4.**

**Wat staan vir julle uit?**

**Klink die tiepe ‘gemaklikheid/gewoonheid’ dalk bekend in ons lewens?**

5Hy kon daar geen enkele wonderwerk doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n paar siekes gelê en hulle gesond gemaak het.

Bespreek vers 5 met mekaar...
Hoekom dink julle kon Jesus daar geen wonderwerke doen nie?


VERBAAS OOR SY GELOOF
VERBAAS OOR HULLE ONGELOOF

Wat ’n geweldige ironie. Die mense wat die minste van God geweet het (die Romeinse offisier), het die meeste geglo. Die mense wat die meeste van Jesus geweet het (Nasaret), het die minste geglo. Hulle tradisie, hulle kennis, en hulle nabyheid aan Jesus het nie vir hulle geloof gebring nie; dit het vir hulle eelte op die siel gegee.


DIE MODERNE
NASARET-SIEKTE
FAMILIARITEIT VS. OPKREGTE GEL
As ons 'familie' is, sien ons nie die Koning
HULLE SÊ: ONS KEN HOM
MAAR ONS SIEN NIE

Nasaret is nie net ’n ou dorpie in Galilea nie. Nasaret is ’n geestelike ingesteldheid waarin ek en jy bitter maklik kan verval. Kom ons noem dit die **Nasaret-siekte**.

Dit is die siekte van mense wat **"grootgeword het in die kerk".** Ons ken die stories. Ons ken die gelykenisse van kleins af. Ons ken die liedere. Ons het Bybels op ons rakke en op ons selfone. Ons weet presies hoe ’n kerkdiens werk. En juis dáárin lê die gevaar: **Ons is so familiêr met Jesus dat Hy vir ons gewoon geword het.**

Wanneer laas het jy voor Jesus gestaan met daardie "Markus 4-ontsag"? Wanneer laas het jy regtig in jou binneste bewe oor die grootheid van Wie Hy is? Of het Jesus vir jou ’n mak, voorspelbare, gerieflike "timmerman" geword wat net moet inpas by jou Sondag-roetine?

# Daarna het Hy by die dorpies in die omtrek rondgegaan en die mense daar geleer.

**Moenie toelaat dat Jesus by ons gesinne, by jou lewe, of by hierdie gemeente verbystap omdat ons dink ons "ken Hom klaar" nie.**

**As Jesus vandag in hierdie banke afkyk, en in jou hart en my hart kyk... waaroor gaan Hy Hom verwonder? Gaan Hy Hom verwonder oor ons radikale, vreeslose vertroue—die tipe geloof wat sê: *“Here, U is die Here van die storm, doen ’n wonderwerk in my lewe”*? Of gaan Hy Hom verwonder oor ons louwarm, gelykmoedige ongeloof wat sê: *“Dit is maar net nog ’n Sondag, en niks gaan tog verander nie”*?**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS